## AFDELING C.

## HOOFSTUK V.

## ONDERWYS GEDURENDE DIE OORLOGSJARE, 1899 - 1902.

### 1. Onderwystoestande aan die einde van 1899.

#### a. Verwarring in Oktober 1899.

Die algemene organisasie van die onderwys in die Z.A.R. was teen die end van 1899 doeltreffend, en die gees daarvan was in harmonie met die van die bevolking. Ongelukkig moes dit vanaf Oktober 1899, met die uitbreek van die oorlog, plek maak vir 'n onderwysstelsel wat in ooreenstemming moes wees met die liberalistiese beleid van lord Milner.

Die onsekerheid wat daar by onderwysers en skoolkommissies geheers het of skole nog moes voortbestaan nadat oorlog verklaar is, is op 3 Oktober uit die weg geruim. Volgens 'n besluit van die Uitvoerende Raad sou alle staats- en gesubsidieerde skole vanaf 1 Oktober, tot nadere kennisgewing, as gesluit beskou word[1].

Die hele skoolstelsel is hierdeur ontwrig. Onderwysers is gekommandeer[2]; lede van die skoolkommissies was op kommando[3], met die gevolg dat sekere state nie geteken kon word nie.

Aangesien inspekteur J.K.M. te Boekhorst, wat die inspeksie van die Klerksdorpse skole waargeneem het, ook op kommando

/moes ........

1. Notule Uitvoerende Raad, 3.10.1899, art. 908.
   Staats courant, 4.10.1899, 1585.
2. O.R. 16029/99: H. Wechgelaar, hoof van die staatskool, is gekommandeer.
   O.R. 16846/99. Volgens die kennisgewing van 4 Okt. in die Staats courant het die skool op Hartebeestfontein gesluit. Van die onderwysers was reeds op kommando.
   O.R. 17201/99. H. Meester, hoof van Buysfonteinskool, het "ook naar de grenzen" vertrek op 9 November.
3. O.R. 16413/99. Linder, sekretaris van die skoolraad, was o.a. een van die wat op kommando moes gaan.

moes gaan, het die nodige toesig van owerheidsweë ook ontbreek[1].

b. Die heropening en tydelike voortbestaan van enkele skole.

Dit wil voorkom of daar wel enkele skole in die Klerksdorpse gebied was wat na die aanvang van die oorlog nog vir 'n tydjie voortbestaan het.

Nadat die hoof van die staatskool gekommandeer is en van die ander onderwysers óf op kommando was óf na die buiteland vertrek het, het die skool nog voortbestaan met C. van der Mark as waarnemende hoof. Die leerlingtal het egter so skerp gedaal dat daar op 16 Oktober slegs 'n derde van die totale aantal leerlinge van die hoër klasse nog in die skool was[2].

Paul J. Roux het die skool op Goedgevonden heropen. Roux het aan die Onderwysdepartement berig dat hy ongeskik was om op kommando te gaan en gevra dat aan hom 'n toelae toegestaan moes word[3].

c. Besoldiging van onderwysers(-esse).

Met die aankondiging op 4 Oktober 1899 dat alle skole tot nadere kennisgewing gesluit sou word, is ook meegedeel dat onderwysers wat in diens bly, 'n maandelikse toelae sou ontvang[4].

Die Uitvoerende Raad het op 3 Oktober 1899 die toelaag vasgestel wat aan mej. Keet, wat tydelik aangestel was by die staatskool, betaal sou word[5]. Roux, wat die skool op Goedgevonden op 2 Oktober heropen het, het ook aansoek gedoen om 'n toelaag[6].

2. Die Konsentrasiekamp op Klerksdorp.

a. Die begin van die smarte.

/Na .........

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 323.
2. O.R. 16981/99: Brief, 16.10.1899.
3. O.R. 16834/99: Brief, 11.10.1899.
4. Staats courant, 4.10.1899, 1585.
5. Notule Uitvoerende Raad, 3.10.1899, art. 908.
6. O.R. 16834/99: Brief, 11.10.1899.

Na 'n jaarlange stryd was die einde van die oorlog, wat volgens die verwagting van die Britse Owerheid slegs enkele maande sou duur, nog nie in sig nie. Die Britse militêre owerheid het uit wanhoop besluit om 'n laaste desperate poging aan te wend om die einde van die oorlog te bespoedig. Die Boere moes tot oorgawe gedwing word deur die sametrekking van vrouens en kinders in konsentrasiekampe, deur die vernietiging van alle voedselvoorrade en die verbranding van huise [1].

In September 1901 het lord Milner onder andere soos volg aan die "Uitlander Committee of Cape Town" geskryf: "The formation of Concentration Camps has been adopted purely on military grounds as a means of hastening the end of the war which is, after all, in the first interest of the refugees themselves, and, as a military measure, it is, I believe succeeding" [2].

b. <u>Strooptogte en die vervoer van vrouens en kinders na die Klerksdorpse konsentrasiekamp.</u>

Op 'n ongekende skaal het die Britte in die Klerksdorpse gebied plaaswonings, met die inhoud daarvan, afgebrand, lewende hawe uitgeroei en ander voedselvoorrade vernietig [3].

Lord Methuen het in Februarie 1901 'n groot aantal vrouens en kinders [4], tesame met sowat 15,000 kleinvee en 500 beeste [5] asook honderde muile- en ossewaens [6], na Klerksdorp geneem.

Toe kol. Williams op 5 Mei 1901 van Klerksdorp na Hartebeestfontein vertrek het, het hy alle huise en voedselvoorrade op weg daarheen laat vernietig. Vrouens en kinders is na die konsentrasiekamp gestuur. Kol. Williams het in die omgewing van Syferfontein, Wolverand en Klerksdorp ongeveer 1,000 beeste, 5,000 skape, groot aantalle bokke, perde, muile en donkies

/asook ............

---

1. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, 525-526.
2. Devitt: Concentration camps in South-Africa, 17.
3. Meegedeel deur mevv. J.M. du Plessis en J. Reyneke.
4. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 18.
5. Guest: With Lord Methuen and the First Division, 87.
6. Guest: Voortrekkerdorp, 234.

asook 50 waens gekonfiskeer. Op 27 Julie het kol. Williams op die plaas Buysfontein sowat 1200 skape gebuit [1].

Nadat alle voedselvoorrade en wonings vernietig was, is vrouens en kinders, wat slegs toegelaat is om die noodsaaklikste behoeftes saam te neem, op oop waens gelaai om na die kamp vervoer te word [2]. Op die waens self was dit beknop, aangesien daar ongeveer ses huisgesinne op 'n wa gelaai is [3].

Die reis vanaf die afgeleë plase moet - veral vir die ou moeders, verwagtende moeders en jong kinders - uiters vermoeiend gewees het. Vrouens en kinders moes soms die hele dag lank, sonder 'n druppel water of kos, in die son, sand en stof op die oop waens bly sit [4]. Meer vrouens en kinders is onderweg opgelaai, en die reis het soms tot 8 dae geduur [5]. Sommige vrouens en kinders het snags op seile onder die waens geslaap, dog andere moes onder die blote hemel vernag. Die reis is soggens vroeg, soms so vroeg as 3 vm. voortgesit terwyl die bokseile waarop die mense moes sit, wit van die ryp was [6].

c. Die kamp.

(1) Stigting en beheer.

Die Klerksdorpse konsentrasiekamp is in Januarie 1901 gestig [7]. Die kamp was geleë op die plek waar die huidige Klerksdorpse Hoërskool en die Presidentskool is [8].

H.J. Howard [9], wat in 'n klein huisie sowat 400 tree van die kamp af gewoon het, is as superintendent van die kamp aangestel [10].

/Op .....

---

1. Guest: Incidents in the Western Transvaal, 35-37.
2. Vertelling deur mev. Hester Jacobs in: Neethling: Mag ons vergeet?, 154.
3. Meegedeel deur mev. J. Reyneke.
4. Verklaring van mev. Dorothea Jones in Postma: Stemme uit die verlede, 33.
   Meegedeel deur mevv. J.M. du Plessis en J. Reyneke.
5. Meegedeel deur mev. J.M. du Plessis.
6. Verklaring deur mev. Hester Jacobs in Neethling: Mag ons vergeet?, 154-158.
7. Cd. 893, 137.
8. Meegedeel deur P.M. Lombard en mevv. J.M. du Plessis en J. Reyneke.
9. Meegedeel deur H.A.W. Hesse en P.M. Lombard; Howard is na sy dood deur 'n sekere Cawood opgevolg.
10. Cd. 893, 133.

Op 4 Oktober 1901 was die kampbevolking soos volg[1]:

| | Mans | Vroue | Kinders onder 12 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| In die kamp | 438 | 1475 | 1998 | 3911 |
| In die dorp | 50 | 133 | 141 | 324 |
| TOTALE: | 488 | 1608 | 2139 | 4235 |

Mej. Horswell, die matrone van die hospitaal, was bygestaan deur 6 dag- en 1 nagverpleegster. Die mediese personeel het bestaan uit dokters Scott Russel en Cousins asook twee aptekers. Die kampmatrone, mej. Moritz, het 12 kampverpleegsters tot haar beskikking gehad. Tente is daagliks deursoek, en siektegevalle moes aan die matrone gerapporteer word.

Die ou staatskool het as kampskool diens gedoen. Om in die geestelike behoeftes te voorsien het ds. Coetzee van Wolmaransstad die kamp besoek[2].

Die algemene toestande wat in die kampe geheers het, word soos volg deur mej. Emily Hobhouse saamgevat:"From one side or the other it was clear that the Boer women with their little ones must suffer. They were between the Devil and the deep sea"[3].

(2) Behuising.

Die families was in tente gehuisves. Die tentlewe was uiters ongerieflik, aangesien die mense in die kamp geen meubels kon meeneem nie, en „beddens" moes op die grond gemaak word. Omdat hulle ongewoon was hieraan, het vrouens en kinders begin siek word[4]

Sommige van die tente was geskeur, sodat dit gelek het en die wind koud ingewaai het[5]. Dit wil ook voorkom asof die mense las gehad het van luise wat in die ou tente van die Britse troepe geskuil het[6].

/Die .......

1. Cd. 893, 133.
2. Ibid., 133-136.
   Meegedeel deur mnr. en mev. P.M. Lombard. Mev. Lombard het as verpleegster diens gedoen.
3. Devitt: Concentration camps in South-Africa, 29.
4. Meegedeel deur mevv. J. Reyneke en J.M. du Plessis.
5. Meegedeel deur mev. J. Reyneke.
6. Ondervindinge van Anna Boshof, in Postma: Stemme uit die verlede, 101.

Die meer bevoorregtes het later houtkatels met rourieme as matte ontvang[1]; dog twee derdes van die mense was nog "without any sort of bedstead"[2].

Alhoewel die Superintendent, Howard, in Oktober 1901 ongeveer 800 komberse aan die kampbevolking uitgedeel het[3], was die bystand aan so 'n groot groep weerlose mense maar uiters gering.

(3) Voedsel- en watervoorsiening.

Die gebrek aan behoorlike voedsel was bepaald een van die belangrikste oorsake van die hoë sterftesyfer onder die kinders. Dit was blykbaar so skraal dat die groeiende kinders geen weerstand teen siektes kon opbou nie[4]. „Sommige wat in hul sterwensnood om kos gevra het, is toegevoeg: ‚Vrek maar, dan is dit een minder om voor te sorg'"[5].

Die mense het rantsoenkaartjies ontvang waarmee hulle dan hulle rantsoene kon bekom. Vrouens en kinders moes in lang rye voor die „kombuise" gaan staan met hulle skotteltjies of sakkies om hulle rantsoene te ontvang. Moeders het soms ure lank daar gestaan en wag, terwyl die kinders, soms in sterwensnood, in die tente verkeer het[6].

Die weeklikse rantsoen per persoon het bestaan uit:

7 lb. meelblom of boermeel,
4 onse sout,
6 onse koffie,
12 onse suiker,
3 lb. vleis,
1 lb. rys.

Kinders het dieselfde rantsoene as volwassenes gekry, behalwe dat slegs 1½ lb. vleis aan kinders onder 12 jaar toegestaan is. Kinders onder 5 jaar kon 'n kwart bottel melk per

/dag ........

1. Meegedeel deur mevv. E.M.R. Lombard en J.M. du Plessis.
2. Cd. 893, 135.
3. Ibid.
4. Meegedeel deur mevv. J.M. du Plessis en J. Reyneke.
5. Verklaring deur mev. Dorothea Jones, in Postma: Stemme uit die verlede, 33.
6. Verklaring deur mev. Hester Jacobs, in Neethling: Mag ons vergeet?, 160.

dag ontvang[1].

Dit wil egter voorkom of die mense in die praktyk veel minder as bg. rantsoene ontvang het[2]. Die vleis was in die reël maer en byna oneetbaar[3]. Die slagplek was ongeveer 'n kwart myl van die kamp af naby Schoonspruit. Die twee Boere wat verantwoordelik was vir die slagwerk, het bepaald nie veel waarde aan die higiëniese kant van die saak geheg nie. Bloed en afval het oral rondgelê, met die gevolg dat dit daar uiters onaangenaam geruik het en dat vlieë gelok is[4].

Die daaglikse onkoste, in pennies, wat per persoon bestee is aan voedsel in die Klerksdorpse konsentrasiekamp vanaf Mei tot November in 1901 was[5]:

| Mei | Junie | Julie | Oktober | November |
|---|---|---|---|---|
| 1.25 | 0.34[6] | 1.68 | 2.61 | 3.36 |

Alhoewel daar 'n sg. sopkombuis bestaan het, het die vroue merendeels self hulle kookwerk verrig. Volgens die rantsoene wat toegestaan is, moes elke volwassene 2lb. steenkool en kinders 1½lb. steenkool ontvang asook voldoende hout[7], dog dit was blykbaar in die praktyk heel anders. Soms het die mense 'n bietjie steenkool al om die ander week ontvang[8]. Vuurmaakgoed moes elders gevind word. „Die koppe rondom Klerksdorp kan getuig van sugte en trane van vroue wat daarvandaan moes hout dra om brood te bak en te kook"[9].

/Die .......

1. Cd. 893, 2.
2. Meegedeel deur mevv. J.M. du Plessis en J. Reyneke.
   Verklaring deur mev. Hester Jacobs, in Neethling: Mag ons vergeet?, 160.
   Verklaring deur mev. Dorothea Jones, in Postma: Stemme uit die verlede, 34.
3. Meegedeel deur mev. J. Reyneke.
   Verklaring deur mev. Dorothea Jones, t.a.p.
4. Cd. 893, 135.
   Meegedeel deur mev. J. Reyneke en H.A.W. Hesse.
5. Hobhouse: Die smarte van die oorlog, Bylaag B, 299.
6. Dit was die laagste bedrag wat ooit in die konsentrasiekampe in Transvaal betaal is.
7. Cd. 893, 134.
8. Meegedeel deur mev. J. Reyneke.
9. Ondervinding van mev. Elizabeth Johanna van Rensburg, in Potsma: Stemme uit die verlede, 58.
   Verklaring deur mev. Hester Jacobs, in Neethling: Mag ons vergeet?, 160.

Die watervoorsiening het veel te wense oorgelaat. Die mense het die water gebruik wat van die Schoonspruit afkomstig was. Behalwe dat die water ongeskik was om te drink, was daar ook nie altyd voldoende water in die kamp nie [1].

(4) Siektes en sterfgevalle.

Slegs 15 dae na die stigting van die Klerksdorpse Konsentrasiekamp het kinders begin kinkhoes en masels opdoen [2].

Die hoë sterftesyfers in die Klerksdorpse kamp word in die volgende tabel aangetoon [3]:

| Tydperk | Totale bevolking | Aantal sterfgevalle |
|---|---|---|
| April 1901 | 991 | 2 |
| Mei 1901 | 1963 | 8 |
| Junie 1901 | 2560 | 15 |
| Julie 1901 | 3552 | 38 |
| Augustus 1901 | 4588 | 179 |
| September 1901 | 4512 | 149 |
| Oktober 1901 | 3825 | 159 |
| November 1901 | 3889 | 194 [4] |
| Desember 1901 | 4073 | 159 |
| Januarie 1902 | 3977 | 86 |
| Februarie 1902 | 3983 | 46 |
| Maart 1902 | 3532 | 40 |
| April 1902 | 2995 | 21 |

Alhoewel kinders kort na die stigting van die konsentrasiekamp begin siek word het, het die eerste sterfgevalle eers in Mei voorgekom. Die eerste twee slagoffers was kindertjies van onder drie jaar oud [5].

/Uit ..........

1. Meegedeel deur mev. J. Reyneke en H.A.W. Hesse. Cd. 893, 133.
2. Verklaring deur mev. Dorothea Jones, in Postma: Stemme uit die verlede, 33.
3. Otto: Die konsentrasiekampe, 172.
4. Ibid., 145. Alhoewel die sterfgevalle vanaf Nov. 1901 in die konsentrasiekampe in Transvaal begin afneem het, was dit nog skrikwekkend hoog in Klerksdorp, nl. „meer as 1,000 per duisend per jaar".
5. Cd. 893, 137.

Uit die volgende tabel van gestorwe kinders behorende aan die Geref. Kerk blyk baie duidelik dat dit veral die jonger kindertjies was wat gesterf het. Dit blyk ook dat masels in Klerksdorp besonder baie lewens geëis het [1]:

| Leeftyd in jare | Waaraan oorlede en aantal sterftes | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Masels | Koors | Inflammasie | Stuipe | Difterie | Seermond | Tering | Verdrink | Maagsiekte | Kinkhoes | Brand | Onbekende redes | Totaal |
| Onder 1 jaar | 5 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 11 |
| 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 5 |
| 2 | 5 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | 7 |
| 3 | 6 | - | 3 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 1 | 12 |
| 4 | 2 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 5 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 5 |
| 6 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 7 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 8 | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | 5 |
| 9 | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 10 | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 11 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 12 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 13 | 1 | 3 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 6 |
| 14 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 2 |
| 15 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 2 |
| 16 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| 17 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 2 |
| 18 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 19 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| 20 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |

/Die ............

1. De Klerk: De gesneuvelden en gestorvenen van de Gereformeerde Kerken in Suid-Afrika gedurende de Oorlog, 1899-1902.

Die hoë sterftesyfers veral by die voorskoolse en skoolgaande kinders was hoofsaaklik te wyte aan: masels, koors, inflammasie, kinkhoes en ander siektes, onvoldoende beddegoed en slaap op koue nat grond, swak voeding en swak drinkwater, verwydering van kinders van hulle moeders en ontoereikende mediese hulp[1].

Onderwys in die Klerksdorpse konsentrasiekamp.

a. Die stigting van 'n privaatskool in die kamp.

Nadat H.A.W. Hesse ontslaan is uit die krygsgevangenekamp te Kroonstad in Februarie 1901, het die Britse militêre owerheid aan hom toestemming verleen om aan te sluit by sy vrou en kinders in die Klerksdorpse konsentrasiekamp[2].

H.A.W. Hesse en mej. A.J. Teengs het in Maart 1901 'n privaatskool met 60 leerlinge in die kamp geopen[3]. Daar was 8 klaslokale tot hulle beskikking, wat akkommodasie gebied het

/aan .........

1. Devitt: The consentration camps in South-Africa, 29-30 en 59-60.
Hobhouse: Die smarte van die oorlog, 102-149.
Meegedeel deur mevv. J. Reyneke en J.M. du Plessis asook H.A.W. Hesse.
2. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
Herman August Wilhelm Hesse is op 22 Desember 1871 in Duitsland gebore. Op vyftienjarige leeftyd was hy reeds kwekelingonderwyser in Duitsland. In 1889 het hy in Natal aangekom, waar sendeling Schütze veel bygedra het om die Hollandse taal aan hom te leer, aangesien dit nodig was as hy „Boereskoolmeester" wou word. In 1890 het hy skoolgehou op 'n plaasskool in die Rustenburgse distrik. In 1896 het hy hoof geword van die skool op Wolmaransstad. Gedurende 1896 het hy 'n „beroep" van die Hartebeestfonteinse skoolkommissie ontvang om as hoof op te tree op Hartebeestfontein, dog hy het dit nie aanvaar nie. Toe die oorlog uitgebreek het, is hy gekommandeer, dog hy is in die omgewing van die Makwassieberge gevange geneem en na die krygsgevangenekamp op Kroonstad geneem. In die Cape Argus het hy gelees dat lord Methuen 'n groot aantal vroue gevange geneem het in die omgewing van Wolmaransstad. Hy was daarvan oortuig dat sy vrou een van die eerstes sou wees wat in die konsentrasiekamp op Klerksdorp te lande sou kom, aangesien sy besonder sterk anti-Brits gesind was. Majoor Scott het aan hom die vergunning verleen om na Klerksdorp oorgeplaas te word. Op Klerksdorp aangekom het hy toestemming verkry om 'n privaatskool te open, dog hy sou nie daarvoor vergoed word nie.
3. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 162.

aan 250 leerlinge in die ou staatskool [1].

Die klaslokale, wat as magasyne gedien het, was vuil, en dit het harde werk gekos om dit skoon te kry en vry van luise. Die banke van die ou staatskool, wat in die perdestalle geplaas is om die perde af te skort, moes skoongemaak word en teruggedra word. Die klompie banke wat nog bruikbaar was, was heeltemal te min om in die behoeftes te voorsien [2].

As onderwysers(-esse) wat gestrewe het na die „bouwen en bewaren" van die C.N.O.-beginsels wat tydens die bestaan van die Z.A.R. nagestreef is, het onder ander opgetree: mejj. A.J. Teengs, L. Minnaar, M. Theunissen, A. en H. Kirstein, D. en Joh. en B. Jooste, M. Lelyveld en M. Boshoff. Die here was L. Meyer, B. Spoelstra, W.J. Hamman, D.J. Rossouw, P. Lombard en H.A.W. Hesse (hoof).

Nadat die skool enige maande lank as privaatskool voortbestaan het, is dit deur die nuwe Departement van Onderwys oorgeneem. H.A.W. Hesse het egter aan die hoof bly staan onder die Britse Owerheid tot 31 Augustus 1902. Die skool, wat as privaatskool geopen het, het onder die nuwe Onderwysdepartement steeds gegroei. Die leerlingtal het so toegeneem dat daar by tye meer as 1000 was en meer as 20 leerkragte wat onderwys gegee het [3].

b. <u>Die Klerksdorpse kampskool.</u>

(1) <u>Stigting.</u>

Die stigting van privaatskole in die verskillende konsentrasiekampe het die Britse militêre owerheid op die gedagte gebring om skole in die kampe te stig. Daar is toe besluit om vir die verowerde gebiede 'n Onderwysdepartement te skep [4].

In Oktober 1900 het lord Milner die heer E.B. Sargant, 'n

/bekwame ......

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 14.
2. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
3. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 162.
4. Director of Education: Public education report, 1900-1904, 1-4. Symington: a.w., 6.

bekwame pedagoog, wat 'n grondige studie gemaak het van die onderwys in die verskillende Engelse kolonies, versoek om na Suid-Afrika te kom om die onderwys te kom organiseer in die twee besette Boererepublieke [1].

Na sy aankoms in November 1900 het Sargant vooraf 'n deeglike studie gemaak van onderwystoestande in Suid-Afrika [2]. Op 6 November 1900 is Sargant aangestel as waarnemende Direkteur van Onderwys vir die twee besette Boererepublieke [3]. Die Direkteur het spoedig bemerk dat die Britse militêre owerheid feitlik geen voorsiening vir onderwys in Transvaal gemaak het nie [4].

Tydens sy tweede besoek aan Kaapstad in Januarie 1901 het Sargant kennis gemaak met die onderwyswerk van die Groenpuntse kampskool wat deur die krygsgevangenes opgerig is. Dit het hom die idee en praktyk gegee van die sg. kampskole [5].

Sargant het die eerste kampskool op Norvalspont geopen. Dit was 'n sukses, en hy het sy aandag begin bestee aan die Oranje-Vrystaat en vanaf Julie 1901 aan die Transvaal [6].

Die vernaamste beweegredes wat aanleiding gegee het tot die stigting van kampskole was onder andere [7]:

(a) Die Boerekinders moes verengels word. Die Afrikanerkinders moes dus beïnvloed word ten gunste van die Britse standpunt en voorberei word om Britse onderdane te word.

(b) Dit sou beter handhawing van orde en kontrole in die kampe bewerkstellig.

(c) Dit sou die onderwysbehoeftes bevredig.

(d) Die Engelse taal moes aan die opkomende geslag geleer

/word .........

---

1. Director of Education: Public education report, 1900-1904, 1.
   Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.
   Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 6-7.
2. Symington: a.w., 7.
3. Malherbe: Education in South-Africa, 298.
4. Director of Education: a.w.,3.
5. Coetzee: a.w., 72.
6. Director of Education: a.w., 5-7.
7. Symington: a.w., 9.

word.

Die stigting van kampskole het egter gepaard gegaan met heelwat moeilikhede. Die vernaamste was [1]:

(a) Daar was 'n gebrek aan geskikte akkommodasie.

(b) Die uitrusting en meublement was ontoereikend. Die skryftafels was van uiteenlopende aard en 'n verskeidenheid van patrone. Sitplek is gemaak deur planke op leë kissies te sit. As gevolg van die tekort aan skoolmateriaal was die onderwys aanvanklik hoofsaaklik mondelinge werk. Later het toestande verbeter toe leerboeke en leie bygekom het.

(c) Daar was 'n gebrek aan opgeleide leerkragte.

(d) Vyandige gevoelens en die vreemde taal was 'n belangrike faktor. Die skole was Engels georiënteerd en is met agterdog bejeën. Die taak van die onderwysers en inspekteurs is verder bemoeilik deurdat skoolbesoek nie verpligtend was nie.

(e) Siektes en hoë sterftesyfers onder die kinders van skoolgaande leeftyd het baie moeilikheid opgelewer.

Inspekteur W. Noaks was verantwoordelik vir die oprigting en organisasie van kampskole op Vereeniging, Potchefstroom en Klerksdorp. Noaks is later opgevolg deur C.S. Bellairs [2].

Die nuwe Onderwysdepartement het die Klerksdorpse kampskool op 1 Mei 1901 geopen met H.A.W.Hesse as hoof [3]. Hy was aanvanklik bygestaan deur 9 leerkragte [4]. Hesse het aan die hoof van die skool gestaan tot 31 Augustus 1902 [5], en hy is opgevolg deur J. King, wat aangestel is teen 'n salaris van £300 per jaar [6].

/(2) .....

---

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 11-13.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse en P.M. Lombard, gewese kampskoolonderwysers.
2. Symington: a.w., 11.
   Otto: Die konsentrasiekampe, 158.
3. Cd. 893, 136.
4. Symington: a.w., 43.
5. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 162.
6. Symington: a.w., Bylaag C, 76.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

(2) Inskrywing.

Die privaatskool het op 30 April 1901 geëindig met 260 leerlinge en 8 leerkragte [1]. Op 1 Mei 1901 het die skool in die hande van die nuwe Onderwysdepartement oorgegaan [2].

In Mei 1901 was daar reeds 341 leerlinge [3], terwyl dit tot 446 toegeneem het in Julie 1901 [4]. Die leerlingtal het steeds toegeneem, en in April 1902 was daar nie minder as 756 skoolgaande kinders nie [5]. Die leerlingtal het soms op meer as duisend te staan gekom en hulle het onderwys ontvang van vyf-en-twintig onderwysers(-esse) [6].

Die inskrywingsyfer moet sy hoogtepunt bereik het met die vredesluiting in Mei 1902 [7]. Na vrede gesluit is, het die inskrywingsyfer as gevolg van repatriasie vinnig begin daal. In die volgende tabel word die gemiddelde moontlike en werklike skoolbesoek vir die jaar geëindig op 30 Junie 1903 aangetoon [8]:

| Jaar eindigende | Gem. moontlike skoolbesoek | Gem. werklike skoolbesoek |
|---|---|---|
| 30 Junie 1903 | 406 | 249.8 |

Omdat die skool na Mei 1902 begin kwyn het, is dit aan die einde van 1902 opgehef [9].

(3) Klaslokale.

Die ou staatskool, bestaande uit 8 klaskamers, kon akkommodasie bied aan sowat 250 leerlinge [10]. Daar is ook gebruik gemaak van die ou kerkgeboutjie van die Ned. Herv. of Geref. Kerk en twee markeetente. Die tente was oorbevolk. P.M. Lombard moes sowat 80 kinders in een tent huisves [11].

/Die ...

1. Otto: Die konsentrasiekampe, 159.
2. Cd. 893, 136.
3. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, Bylaag c, 76.
4. Ibid., Bylaag A.
5. Ibid., 43.
6. V.V.O.O.Z.A., Gedenkboek, 162.
   Bot: The development of education in the Transvaal, 41.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
7. Symington: a.w., 9.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
8. Symington: a.w., Bylaag H, 87.
9. Symington: a.w., 9.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
10. Symington: a.w., 14.
11. Meegedeel deur P.M. Lombard.

Die volgende tabel toon die klaslokale aan wat in gebruik was in Julie 1901, met hul vloeroppervlaktes[1]:

| Lokale | Vloeroppervlakte |
|---|---|
| Staatskool: 8 klaslokale | 4,000 vk. vt. |
| Kerkgeboutjie | 900 " " |
| Twee markeetente | 18' x 48' |

Later is nog twee markeetente opgerig. Die leerlinge het „kleivloere" in die markees ingesit. Kissies, met planke daaroor, het as sitplek vir die leerlinge gedien[2].

(4) Roosters.

Aanvanklik is daar opdrag gegee om die skoolure in 2 sessies te verdeel. Behalwe die halfuur godsdiensonderrig in die oggend moes daar twee uur in die voormiddag en twee uur in die namiddag skoolgehou word[3].

Later is daar bepaal dat daar slegs in die voormiddag skoolgehou moes word. Die rooster van werksaamhede vir die Klerksdorpse kamp was soos volg[4]:

7.00 - 7.30 vm. Bybelgeskiedenis.

7.30 - 8.30 vm. Rekenkunde.

8.30 - 9.30 vm. Etenspouse.

9.30 - 1.00 vm. Engels en Hollands (lees en skryf); Aardrykskunde, Sang en Liggaamsoefening.

Indien die algemene toestande in die tente dit toegelaat het en dit nie langer as 'n uur in beslag sou neem nie, kon daar huiswerk gegee word aan leerlinge bo standerd 3[5].

(5) Leergange.

Lees, skryf en reken was die vernaamste skoolvakke. Aandag is ook geskenk aan godsdiensonderrig, Engels, sang en liggaamlike opvoeding.

/Engels ......

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, Bylaag H, 43.
2. Meegedeel deur H.A.W. Hesse en P.M. Lombard.
3. Symington: a.w., 22.
4. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
5. Symington: a.w., 22.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

Engels was bepaald die vak waaraan die meeste aandag bestee is. Dit het ook die meeste gewig gedra by die inspekteurs by die oorplasing van leerlinge.

Sargant was bewus van die godsdienssin van die Boere. Omdat hy nie wou gehad het dat hulle hulle godsdiens moes verwaarloos nie, het hy bepaal dat godsdiens deur medium van Hollands onderrig kon word.

Suid-Afrikaanse Geskiedenis is, op grond van politieke redes, nie op die skole gedoseer nie [1].

(6) Onderwysmedium.

„We use the English language in all subjects of secular instruction .... The religious instruction of Dutch children we leave to be given in their own language, lest we should produce a feeling of spritual alienation between father and son .... In the Concentration Camps the parents are nearly all members of the Dutch Reformed Church and use the Dutch Bible" [2].

Behalwe dat Bybellesse deur medium van Hollands gegee kon word, was Engels die medium van onderrig vanaf die laagste klasse. Aan hierdie regulasies is streng gehou. Sargant moes hierdie vreemde instelling, wat beslis as baie onopvoedkundig bestempel kan word, seker teen wil en dank uitvoer [3].

Die gebruik van Engels, veral in die laer afdelings, sal noodwendig gepaard gegaan het met heelwat probleme. Die leerlinge het die leerkragte eenvoudig gesit en aangaap sonder om in die minste 'n benul te hê van wat daar eintlik in die klas aangaan.

Baie van die onderwysers(-esse), wat self nie hoë opvoedkundige bevoegdhede besit het nie, was Engels nie magtig nie [4].

/Dit .........

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 15-16.
2. Director of Education: Public education report, 1900-1904, Appendix V.
3. Symington: a.w., 19.
4. Idem.
Meegedeel deur P.M. Lombard en H.A.W. Hesse.

Dit blyk dus dat die leerlinge nie veel nut uit die onderwys kon put nie, aangesien hulle nie verstaan het wat aan hulle geleer word nie. Die meeste van die leerkragte kon hulle ook nie deur medium van Engels verstaanbaar maak nie. So 'n samehang van sake spreek dus eintlik vir vanself. Al voordeel wat so 'n stelsel miskien kon inhou, is dat die kinders wel miskien 'n bietjie Engels aangeleer het[1].

(7) Klasindelings.

Die leerlinge is in die verskillende klasse gegradeer volgens standerds. Die grootste persentasie van die leerlinge kon dit gedurende hulle hele skoolloopbaan in die kamp niks verder as die grade bring nie.

Daar was betreklik min kinders in die hoër klasse. Baie leerlinge wat in hoër klasse was tydens hulle skoolloopbaan in die Z.A.R., is in die kampskool na laer klasse teruggeplaas, aangesien hulle kennis van Engels eintlik die deurslaggewende faktor was[2].

(8) Metodes.

Omdat die grootste persentasie van die leerkragte ongesertifiseerd was en daarby ook nog onervare, moes die metode veel te wense oorgelaat het. Die onderwys het verder mank gegaan aan 'n gebrek aan leermiddels en -materiaal.

Omdat daar, veral aan die begin, 'n tekort was aan sitplek, skryfbehoeftes, skryfgereedskap en boeke, het die onderwys die vorm aangeneem van mondelinge mededelinge. Die leerlinge moes passief sit en luister of nasê wat aan hulle voorgesê word.

Na die koms van die beter opgeleide Engelse onderwysers (-esse) het die toestande begin verbeter. Meubels, boeke en ander skoolmateriaal het bygekom. Dit het ook aanleiding gegee tot beter onderwys.

/Die ........

---

1. Meegedeel deur P.M. Lombard en H.A.W. Hesse.
2. Idem.

Die meeste aandag is aan Engels as vak bestee. Bybelgeskiedenis kon deur medium van Hollands onderrig word. By Aardrykskunde-onderrig, is die Britse eilande as uitgangspunt geneem [1].

Heelwat aandag is aan sang bestee. Na die koms van die Engelse onderwysers(-esse) is hoofsaaklik Engelse liedere gesing [2]. Daar was in die Klerksdorpse kampskool met „die kroning van Koning Eduard VII .... 'n hele feestelikheid en 'n skoolkonsert, aan die begin en end waarvan die kinders die Engelse volkslied gesing het" [3].

(9) Vakansies.

Omdat die ouers beswaar gemaak het teen lang vakansies, was dit gewoonlik kort. Die vakansies gedurende April en Oktober was tien dae, terwyl die van Julie en Desember min of meer twee weke was [4].

(10) Skoolbesoek.

Alhoewel die skoolbesoek nie verpligtend was nie, is die ouers tog aangemoedig om hulle kinders skool toe te stuur. Die hoof, H.A.W. Hesse, het gedurig tente besoek om die ouers daarvan te oortuig dat die kinders veel meer daarby sou baat om die skool te besoek as om daarvan teruggehou te word. Frik de Beer was die hoof behulpsaam as „skoolbesoekbeampte" [5].

Die skoolbesoek, wat baie gewissel het, is deur die volgende faktore beïnvloed: Die kinders moes allerlei werkies vir hulle moeders verrig, soos in die rye gaan staan om die rantsoene te ontvang, om vuurmaakgoed en water aan te dra en om die tente skoon te maak en jonger kinders op te pas. Die sicktes en hoë sterftesyfers wat voorgekom het, asook die koue,

/swak .........

---

1. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
2. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 20-22.
   Meegedeel deur P.M. Lombard.
3. Symington: a.w., 43.
4. Ibid., 23.
   Meegedeel deur P.M. Lombard en H.A.W. Hesse.
5. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

kleding, onrus en opgewondenheid was almal faktore wat hulle sterk laat voel het met betrekking tot die skoolbesoek. Baie ouers het eenvoudig geweier om hulle kinders skool toe te stuur, aangesien die skool, met Engels as onderrigmedium, met agterdog bejeën is [1].

Die gemiddelde inskrywing vir die jaar eindigende 30 Junie 1903 was 406, terwyl die gemiddelde skoolbesoek slegs 249.8 was. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die leerlingtal na die vredesluiting sterk begin afneem het as gevolg van die repatriasie van burgers. Die skool het in Oktober 1902 gesluit [2].

(11) <u>Onderwysers(-esse).</u>

Aanvanklik is onderwysers(-esse) wat maar 'n redelike opvoedkundige bevoegdheid verkry het tydens die bestaan van die Z.A.R., in diens geneem as leerkragte in die kampskole. Daar is ook gebruik gemaak van die dienste van jong meisies wat in die hoër klasse was in die skole van die Z.A.R. Goeie werk is verder nog uitgesluit deurdat daar in die reël te veel leerlinge per leerkrag in die verskillende klasse was. Individuele aandag was buite die kwessie. P.M. Lombard het in sy gradeklas soms meer as 80 leerlinge gehad. Hulle was in 'n markeetent gehuisves. Die toestand het egter na die koms van die Engelse onderwysers(-esse) verbeter [3].

Die besoldiging was aan die begin baie swak. Die salarisse was aanvanklik tot so laag as £4 per maand plus 'n bietjie ekstra rantsoen. Die salarisse is mettertyd verbeter. Waar die eerste hoof, H.A.W. Hesse, maar £10 per maand ontvang het [4],

/het ........

---

1. Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp 1887-1939, 98.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse, P.M. Lombard en mevv. J. Reyneke en J.M. du Plessis.
   Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 27 - 34.
2. Symington: a.w., Bylaag H, 87.
3. Meegedeel deur P.M. Lombard, wat 'n geruime tyd lank in die kamp onderwys gegee het.
4. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

het die Engelse hoof, J. King, wat Hesse opgevolg het, £300 plus 'n woning ontvang[1]. Vir die maand Julie 1901 het die totale bedrag wat aan die tien onderwysers(-esse) betaal is, die som van £59 bedra. Die gemiddelde koste aan die onderwys vir die betrokke maand per kind was slegs 2/8[2]. Vir die jaar wat geëindig het op 30 Junie 1903, is £397.10.4. aan salarisse vir onderwysers betaal[3].

Tydens die besoek van die dameskomitee aan die Klerksdorpse konsentrasiekamp het hulle gevind dat die onderwys goed en die leerlinge netjies en vlytig was; dog dit het hulle gegrief dat daar soveel Afrikaanse onderwyseresse in diens was. Sommige van hulle kon nie eens goed Engels praat nie. Die hoof, Hesse, se vrou was 'n Duitser en anti-Engels gesind[4].

Die Engelse onderwysers(-esse) is nie net uit Engeland en die Britse kolonies ingevoer om die tekort aan leerkragte aan te vul nie maar ook om die Boerekinders te verengels; „to supply the Camps with the right sort of teaching material, we must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come out and complete the part of the work which their male relatives are unable to accomplish. Our military policy has gathered the greater part of the child population into these camps, and, as you will see from my report, I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden .. .. What we want out here at present are women, thoroughly good teachers, and of patriotic mind .... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals .... to marry and become the mothers of children who would be taught to understand the greatness of the English

/Imperial .........

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, Bylaag C, 76.
2. Ibid., Bylaag A, 72.
3. Ibid., Bylaag H, 87.
4. Cd. 893, 136.
   Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

Imperial idea ...."[1].

Die eerste groep Engelse leerkragte uit Engeland het aan die end van 1901 hier aangekom[2]. Sargant het 'n beroep op hulle gedoen om vriende te maak met die Afrikanerbevolking, met hulle saam te werk en om hulle taal aan te leer[3].

Die volgende persone het gedurende die tydperk Maart 1901 tot Oktober 1902 in die Klerksdorpse konsentrasiekamp onderwys gegee[4]:

| HOOFDE | MANS | DAMES |
|---|---|---|
| H.A.W. Hesse | J.J. Hamman | M. Boshoff |
| J. King | P.M. Lombard | Cawood |
| | L. Meyer | M. Cawood |
| | D.J. Rossouw | G. du Toit |
| | B. Spoelstra | Gane |
| | Sweeth | B. Jooste |
| | C. Theunissen | H. Jooste |
| | | D. Jooste. |
| | | Joh. Jooste |
| | | A. Kirstein |
| | | H. Kirstein |
| | | M. Lelyveld |
| | | L. Minnaar |
| | | A.J. Teengs |
| | | M. Theunissen |
| | | I. Zeederberg |

Slegs die volgende leerkragte was gesertifiseerde onderwysers gedurende die bestaan van die Z.A.R.[5]:

H.A.W. Hesse (2de klas); L. Meyer (3de klas); Mej. J. Jooste

/(3de ........

1. Director of Education: Public education report, 1900-1904, Appendix IV.
2. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 163.
3. Director of Education: a.w., App. V.
4. Meegedeel deur H.A.W. Hesse, P.M. Lombard en mev. E.M.R. Lombard.
   V.V.O.O.Z.A.: a.w., 162.
   Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 43.
5. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

(3de klas); mej. Gane (3de klas); mej. A. Teengs (3de klas); mej. M. Theunissen (3de klas); mej. A. Kirstein (3de klas) en mej. D. Jooste (3de klas).

(12) Die einde van die kampskool.

Die kampskool het met die vredesluiting op 31 Mei 1902 eintlik op sy hoogtepunt gestaan wat betref die inskrywing, gehalte van onderwys, meublement en algemene skoolmateriaal.

Na die Vrede van Vereeniging was die mense haastig om na hulle plase terug te gaan. Die inskrywings het vinnig begin daal; dog die skool is eers in Oktober 1902 gesluit[1]. Daar het nog 'n groepie kinders tot in Oktober die skool besoek. Hulle was daartoe verplig deurdat sommige van hulle as oorlogswesies agtergelaat is en eers later versorging van familielede of vriende kon ontvang. Sommige moes wag totdat die verwoeste wonings weer herstel kon word of dat hulle verbanne vaders teruggekom het.

Omdat daar 'n tekort was aan arbeid, moes baie van die groter kinders help met die heropbou van die plase. Die bietjie onderwys wat hulle dan in die kampskool ontvang het, het dan eintlik ook hulle onderwysloopbaan beëindig[2].

(13) Die invloed en waarde van die kampskool.

Die kampskoolstelsel, wat so verskillend was van die Z.A.R. se onderwysstelsel en waarby die Boerevolk hulle moes aanpas, het tog, afgesien van die feit dat dit nie by die volksbehoefte gepas het nie en vol tekortkomings was, sy waarde gehad.

Die kampskool was immers 'n ligpunt gedurende daardie donker jare van ons volksgeskiedenis. Dit het aan die kinders wat na die oorlog vanweë ekonomiese druk en skaarste aan plaasarbeiders nie verder skool kon bywoon nie, die geleentheid gebied om tog nog vir 'n tydjie onderwys te kon ontvang. Kinders

/wat .........

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, Bylaag H, 87.
2. Ibid., 65-67.
Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

wat in die kampe vir „kwaadgeld" sou rondloop, is nuttig besig gehou. Die kampskool was by sommige leerlinge die dryfveer vir verdere studie na die oorlog. Die bietjie Engels wat hulle geleer het, het baie nuttig te pas gekom na die oorlog onder die Britse beheer. Die invloed van die Engelse onderwysers(-esse) was beslis ten gunste van die Engelse kultuur, en die angliseringsproses kon makliker geskied. Die Engelse leerkragte was in die reël beskaafde, ontwikkelde en verfynde mense wat 'n heilsame invloed op die leerlinge uitgeoefen het. Hulle het hulle taak met erns aangepak en met hulle beste pogings vorendag gekom. Hulle het ook daarin geslaag om 'n goeie gesindheid tussen die leerkrag en kind te skep. Onder die leiding en inspirasie van die Engelse hoofde het talle swak gekwalifiseerde Hollandse onderwysers(-esse) baie geleer, en hulle het hulle later op Onderwyserskolleges beter gaan toerus vir hulle taak[1].

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 69-71.
Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
L. Meyer, 'n Duitser van afkoms, het hom na die oorlog beter gaan bekwaam.